**Sal Ek dan nie die beker drink nie?**

**Joh 18:1-27**

**1 Maart 2026**

1. Vantevore: In die laaste gedeelte van Sy hoëpriesterlike gebed het die Here Jesus vir alle gelowiges gebid dat hulle een sal wees met mekaar en met Hom en die Vader, en ook dat hulle sal wees waar Hy is.
2. Die gebeure in Joh 18:1-27 speel af gedurende die nag na die bovertrekgesprek
3. Die Here Jesus was in beheer van die gebeure
    a. Die prentjie is donker: Die Here Jesus verraai deur Sy eie dissipel, oormag soldate, twyfelagtige verhoor, deur Petrus verloën – Wie is in beheer?
    b. Die Here Jesus is in beheer:
        i. Die Here Jesus het geweet wat sou gebeur (v4) – Hy lê Sy lewe gewillig af (Joh 10:18). Vgl: Adam in Eden deur duiwel besoek vs die Here Jesus in Getsemane deur Judas (duiwel – Joh 13:2) besoek
        ii. Die Here Jesus sê: ”Ek is Hy” (v5, 8)
            - “Ek is Hy” = “Dit is Ek” = “Ek is” – die Here Jesus is God
            - Daarom steier die soldate en tempelwag en val op die grond
        iii. Die Here Jesus sê: “Die beker wat die Vader My gegee het, sal Ek dit dan nie drink nie?” (v11)
            - Die beker is die lydensbeker – in Getsemane in gebed uitgeklaar Hy moet dit drink (Mat 26:39-42)
        iv. Die Here Jesus het Petrus se verloëning vooruit akkuraat aangekondig (v15-18, 25-27) – vgl Joh 13:38
4. Die motivering van die Here Jesus om dit alles deur te gaan
    a. Dit is die Vader wat aan die Here Jesus die beker gegee het om te drink (v11)
        i. Die Here Jesus voer die opdragte van Sy Vader uit (Joh 15:10)
    b. Dit is voordelig dat een man vir die volk sterf (v14)
        i. Annas was deur Romeine vervang met Kajafas as hoëpriester
        ii. Kajafas se woorde (Joh 11:47-52) – die Here Jesus se dood verenig God se kinders
    c. Die Here Jesus was gedring deur Sy liefde vir die mense wat aan Hom behoort
        i. Die Here Jesus vra dat dissipels toegelaat word om te gaan (v8-9, vgl Joh 17:12)
        ii. Die Here Jesus maak Malgus se oor gesond – tot Petrus se voordeel (v10,11)
5. Die rol van die dissipels
    a. Die Here Jesus se verhoor ineen geweef met Petrus se verloëning
    b. Die verhoor:
        i. Annas vra oor Sy lering en dissipels
        ii. Die Here Jesus sê dis beter as dissipels getuig oor wat Hy geleer het
    c. In parallel met die Here Jesus wat dit voorstel, verloën Petrus die Here Jesus – vervul nie sy rol om te getuig oor wat die Here Jesus geleer het nie
6. Toepassing
    a. Ons het ‘n rol om te getuig oor wat die Here Jesus geleer het
    b. Ons vervulling van ons rol is deel van God se raadsplan